Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*'n Party se vernaamste doel is die behoud en verowering van SETELS.*

# Die O.B.

*Die Ossewabrandwag se vernaamste doel is die behoud en bevordering van die VOLK.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 24 MAART 1943. No. 18.

# Verkiesingsaanbod aan die Politieke Leiers

## Dr. Van Rensburg Skets Standpunt van Ossewabrandwag

**„Ek wil vanaand 'n verklaring herhaal namens die Ossewabrandwag. En ek wil aan die drie politieke leiers 'n aanbod uiteensit, wat die hele steun van die Ossewabrandwag dwarsdeur die land aan hulle sal waarborg. Ons kan nie en wil nie aan hulle dikteer wat hulle moet doen nie. Maar ons het alle reg om te sê onder watter omstandighede ons uit ons pad sal gaan om die Beweging vir hierdie verkiesing agter hulle in te skakel,'' het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verlede Donderdag op Stellenbosch verklaar toe hy opnuut 'n beroep op die politieke leiers gedoen het om 'n verkiesingsfront te sluit.**

In die eerste en onmiskenbare plek moet ons vasstel dat **die Ossewabrandwag prinsipiëel afsydig staan teenoor die politieke partye as sodanig,** het hy gesê. As volksbeweging kan en durf hy nie homself koppel aan een of ander party nie, net so min as die Reddingsdaadbond, of die F.A.K., of die Hollandse Kerke dit doen.

In 1941 het verskillende organisasies, wat 'n gemeenskaplike volkspolitieke strewe het, 'n eenheidsfront gestig, die stelling van kandidate en die eleksie-bedrywighede het ons met opset aan die partypolitieke front oorgelaat.

**Laat my byvoeg dat ons volksinstink ook in die verlede 'n duidelike afkeer van partywese getoon het. Dit is maar met die groeiende Britse invloed dat ons so „partyerig'' geword het. Nie net was partye in die Republieke onbekend — of selfs verbied! — nie, maar ook ná die Engelse oorlog het ons volk selfs die skyn van party vermy.** Ek verwys u na die Afrikanerdom se strydorganisasies na 1907 se selfbestuur in die O.V.S. en Transvaal. Dit was die „Oranje Unie'' (en nie „Oranjeparty'' nie) in die Oranjerivier-Kolonie, en dit was „Het Volk'' in Transvaal en nie „De Volksparty'' nie. En in die Kaapkolonie was dit die „Afrikanerbond'' en nie die „Afrikanerparty'' nie wat teen die „Progressive Party'' van die Engelse gestaan het, net soos „Het Volk'' teen die Unionist Party in Transvaal.

**Die instink van die volk het gevoel dat die partywese verdeeldheid bring en destyds, soos ook vandag, het hulle in 'n breër volksbeweging die eenheid as teenvoeter van die Engelse partystelsel gesoek.**

### DIE VERKIESING

Die Ossewabrandwag het geen verpligting en nog minder lus om homself in die troebele waters van 'n partypolitieke verkiesing te begeef. **Maar hy is bereid om alles te doen wat moontlik is om die Afrikanerdom te help, lus vir troebel waters of nie lus nie.** En daarom het hy 'n waaragtiglik grootse aanbod aan die partypolitieke leiers gedoen. Hy het aan hulle — d.w.s. aan mnr. Havenga, dr. Malan en mnr. Pirow — verlede Januariemaand die skriftelike en publieke versekering gegee dat as hulle die onderlinge geskille in die agtergrond kon stoot in aansien van die volk se gevaar, **as hulle ooreen kan kom om 'n gesamentlike Volksfront teen die Regering te vorm, dan sal die Ossewabrandwag sy hele gewig, nie net sy stemkrag nie maar ook sy kommando-organisasies agter die Volkskandidate ingooi.** Vir onsself het ons niks gevra nie, geen setels, geen betaling, geen dank nie. **Al vanselfsprekende voorwaarde was dat die betrokke kandidaat sy vyand in hierdie stryd konsekwent in die Empire moet soek en nie in sy mede-Afrikaner nie.**

Ons het daardie waaragtiglik onselfsugtige aanbod gemaak en ons doen dit nog.

Wat was die partyleiers se reaksie tot dusver? Die party onder mnr. Havenga het, blykens uitlatings op hul kongres en elders die aanbod verwelkom. **Dit is een stap vorentoe.** Die groep onder mnr. Pirow het laat blyk dat ook hulle vir gesamentlike optrede te vinde is. **Dit is die tweede stap vorentoe.** En die party onder dr. Malan? Behalwe 'n erkenning van ontvangs van ons aanbod het hulle nog nie regstreeks gereageer nie. Maar blykens die nominasie van kandidate wil dit voorkom asof **die primêre kwalifikasie vir die groot meerderheid kandidate 'n uitgesproke en onverbiddelike vyandskap teen die Ossewabrandwag is. Die eerste vereiste is blykbaar „ANTI-O.B.'', en nie „ANTI-EMPIRE'' nie.** Dit in 'n oorlogstoestand met volksnood en met die vinnig stygende vloed van kommunisme in ons land.

Maar ons wil hoop en vertrou dat die finale woord nog nie geval het nie. Tot tyd en wyl die amptelike nominasies voor die verkiesing gemaak word, is geen onherroeplike stap teen 'n anti-oorlog-volksfront gedaan nie. **En intussen bly die aanbod van die Ossewabrandwag nog oop, 'n aanbod waarin ons niks vra nie, dog veel offer.**

### NIKS NUUTS

As generaal Smuts in een kamp manne soos kol. Stallard en mnr. Madeley — hoogkapitaal en naby-kommunis — bymekaar kan hou terwille van die Empire, dan sien ons volk nie in waarom Afrikanerleiers soos die drie wat ek genoem het, nie **met behoud van hul politieke identiteit** terwille van die Afrikanerdom kan saamspan in die krisisuur van ons volk nie. Daar is niks nuuts in hierdie verwagting nie.

**Die Nasionale Afrikanerdom was in die Unie nog nooit aan bewind nie, behalwe deur 'n eleksiepakt met die Arbeidersparty. En as ons in vredestyd met die Arbeidersparty kon saamgaan teen 'n gemeenskaplike vyand, is dit dan te veel gevergd as die volk in sy krisis-uur mede-Afrikaners, mense wat tot onlangs nog mekaar se hande gevat het, vra om 'n gesamentlike front te stel teen die Empire en die kommunisme?**

Ons kan nie verstaan waarom dit onmoontlik is nie, **aangesien manne en vroue uit al drie groepe in ons Ossewabrandwag-geledere reeds 'n eenheid gevind het.** By ons dien Malan-manne onder Hertzog-offisiere en omgekeerd. En hulle ken mekaar net as mede-Afrikaners.

Daarom herhaal ek: as die partypolitieke leiers genoeg volksgevoel en verantwoordelikheidsgevoel het om 'n gesamentlike volksfront te stig, sal die Ossewabrandwag die volkskandidate oral daadwerklik ondersteun, as hy net versekerd is dat die betrokke kandidaat sy vyand in die Empire en die oorlogsbeleid soek en nie in sy mede-Afrikaner nie.

Maar dit is ook vanselfsprekend as hulle O.B.-ondersteuning verlang vir Volkskandidate, dat al drie Opposisiegroepe moet saamspan en nie net twee nie. Want ons soek 'n gesamentlike front teen die Empire en nie teen een van die Afrikaner se eie groepe of partye nie. **Die saamstemming van twee is nie genoeg nie. Al drie moet saamstaan.** Die een wat sy deelname weier moet onthou dat hy die hele front torpedeer. En die volk sal dit ook onthou.

### GEORGANISEERDE ONMAG

As ons partypolitieke leiers dit nie kan bereik nie, het ons Volk alle reg en alle rede om beskaamd sy kop te laat sak en ook alle reg en alle rede om in die partypolitiek 'n wapen te sien wat nie sy wapen is nie maar net sy vyand se wapen. **Dan is die partypolitiek niks anders nie as die georganiseerde vyandskap tussen volksgenote wat voor dieselfde afgrond staan. Dan is dit nie die krag nie dog die georganiseerde onmag van ons volk.**

En dan het die Ossewabrandwag wat prinsipiëel afsydig teenoor partye staan, net soos die Kerk of die Reddingsdaad of die F.A.K., **die volste reg en die volste plig om te sê: „In 'n broederstryd tussen Volksgenote, in aangesig van die Empire en die kommunisme, gaan ons nie intree nie''.** Dit kan dan elke lid van die Beweging vrystaan om te stem volgens sy oordeel, net soos dit elke lidmaat van die Kerk of van die RDB. vrystaan. **Maar die Beweging as sodanig is dan geregtig en ook verplig om homself te bepaal by sy ware taak, nl. die bestryding met elke moontlike middel, in kampe, in tronke of daarbuite, van die kommunisme en die Empire se oorlogsbeleid.** -

**Want dan kan en moet ons aanneem, dat die partypolitiek gefaal het in die krisis-uur van ons volk.** En as dit in

(Vervolg op bls. 2)

## UITWERKING VAN VOLK SE „ENIGSTE WAPEN"

„Pleidooie so ernstig en roerend dat ook 'n paar Sap-lede nie nagelaat het om hulle met die vertoë te vereenselwing nie, **kon die Minister van Finansies slegs beweeg om homself te prys oor wat hy self gedoen het.** Hier was ook weer 'n geval waar Regeringsondersteuners nie met die Minister saamstem nie, **dog verkies om 'n beslissing te vermy deur aan te hou praat totdat die toegestane tyd verstryk was.''**—Die Burger van 10 Maart oor die debat in verband met die pensioen vir Oud-stryders.

**So sterk was die saak wat hier bepleit is en so min het dit met partypolitiek te doen dat 'n paar Regeringsondersteuners saamgepraat het, dog net om die tyd om te kry sodat daar nie oor die voorstel gestem moes word nie, want dan moes hulle by die Minister stem!**

En vir die behoud van hierdie stelsel moet die republikeinse Volksbeweging vernietig word!

## PENSIOENSTORIE WEERLÊ

### K.G. op Porterville

Op 16 Maart het die Kommandant-generaal 'n uiters geesdriftige vergadering op Porterville toegespreek. Die opkoms van meer as vierhonderd was aansienlik hoër as dié vir politieke vergaderings op daardie plek. Genl. Rossouw van Waterberg, 'n ou Porterviller, het die vergadering ook kortliks toegespreek en melding gemaak hoe die Beweging in Noord-Transvaal vooruitgaan. Die K.G. het die storie aangaande sy pensioen behandel en daarop gewys dat dit nie 'n Regeringspensioen is nie, **maar een wat deur die parlement in 1938 aan hom toegeken is en dat dr. Malan en sy volgelinge ook daarvoor gestem het. Slegs die Dominioniete en 'n Arbeiderlid het daarteen gestem.**

'n Vraesteller is na die amptelike vergadering toegelaat om vrae te stel, maar die gehoor, wat ook uit H.N.P.-lede bestaan het, het hul misnoeë met sy optrede op ondubbelsinnige wyse te kenne gegee deur uit te stap. Die voorsitter moes 'n beroep op hulle doen om die vraesteller 'n kans te gee.


## TEEN WIE VEG HULLE?

Die H.N.P.-blaaie weier om 'n advertensie op te neem van die **republikeinse Ossewabrandwag** ook al is dit in belang van die geïnterneerde Afrikaners. Hulle stuur egter agente rond om by **Jode** advertensies te gaan afsmeek. Hulle plaas ook advertensies in belang van die oorlogsfonds en selfs van werwingsvergaderings.

**Teen wie veg hulle dan — teen die Brits-Joodse Imperialisme of teen die republikeinse Ossewabrandwag?**

Waarde vir geld

Kommando



-sigarette

Die O.B., Woensdag, 24 Maart 1943.

# Afbreek is Hul Taak

Die veldtog van Regeringskant teen die enkelmedium-skole sal vir meeste Afrikaners 'n saak van groot bitterheid wees. En tog is dit iets doodgewoons, iets alledaags. Nie die afskaffing van hierdie skole as sodanig nie, maar die aanslag wat op 'n gevestigde instelling gemaak word is iets alledaags. **Dit is deel van die partystelsel en 'n natuurlike uitwas daarvan.** In die partystelsel word die volk in twee hoofgroepe verdeel wat op 'n voet van oorlog met mekaar staan. **Dit is 'n ewigdurende oorlog om besit van die regeringskussings.** Slegs wanneer die toestand van die land in so 'n chaos verval het dat 'n algemene magteloosheid intree, gebeur dit dat daar 'n tydelike vrede tussen die twee strydende partye gesluit word, en 'n sogenaamde koalisieregering kom dan tot stand. Origens word die stryd met verbetenheid gevoer in elke stelling van die volk — in sy staatsdiens, in sy kultuur, in sy fabrieke, in sy kerk, in sy skole, ja, in elke plek waar 'n vraagstuk opgediep of uitgekrap kan word, daar woed die stryd. **Die volksvraagstukke is die loopgrawe vanwaaruit die oorlogvoerders mekaar bestook, en hierdie vraagstukke word aan albei kante gekoester en getroetel om hulle aan die gang te hou, want word 'n volksvraagstuk opgelos, verdwyn daarmee 'n handige loopgraaf wat as aanvalspunt op die teenstander moes dien.** Sodra 'n regering dus 'n vraagstuk wil oplos, by voorbeeld die naturellevraagstuk, probeer die opponerende party soveel struikelblokke in die weg lê dat die regering maar liewer besluit om dit nie aan te pak nie, want misluk dit as gevolg van die opposisie se optrede, dra **hy** die verantwoordelikheid daarvan, want hy het aan die vraagstuk eerste begin roer. **'n Treffende voorbeeld is die segregasie-vraagstuk. Om segregasie deur te voer, is dit 'n vereiste dat grond afgestaan moet word aan die naturelle. Maar sodra 'n regering so besluit, buit die opposisieparty dit uit deur die volk wys te maak dat die Regering meer grond aan die naturelle gee as aan blankes!** En die gevolg is dat die Regering maar liewer geen grond vir naturelle aankoop nie en dat die vraagstuk van segregasie maar onopgelos bly.

**By Ons,**

Elke party het 'n aantal sogenaamde beginsels wat hy wil deurvoer, en as hy dit nie het nie, skep hy vir hom 'n paar en noem dit sy program van beginsels. In 'n land soos Suid-Afrika met 'n tweesoortige bevolking gaan die stryd gewoonlik oor die regte van die Engelse en die Afrikaners. Die een party, of hy wel eerlik daaroor bekommerd is of nie, verdedig hoofsaaklik die Engelse se regte, want daardeur wen hy Engelse stemme. Die ander party verdedig daarteenoor weer die Afrikaners se regte. As die Afrikaansgesinde party aan bewind kom, sal hy maatreëls tref om die Afrikaanse belange te bevorder. **Hy sal dan al die werk van die teenparty ongedaan maak,** want hoewel 'n party nooit groot vraagstukke aanpak nie, kan hy darem groot bedrywigheid aan die dag lê waar dit bevordering van sy eie belange betref. As die Afrikaansgesinde party baie Afrikaners in die staatsdiens aangestel het, sal die teenparty baie Afrikaners uit die staatsdiens ontslaan en Engelse in hul plekke aanstel wanneer hy weer in die kussings kom. As die Afrikaansgesinde Party die plattelandse belange bevorder het deur die posisie van die boer te verbeter, sal die Engelsgesinde party weer hierdie werk neutraliseer deur spesiale voorregte aan die stedelike ondernemings — waar sy stemkrag lê — te gee. Waar die Afrikaansgesinde party hom beywer het vir Afrikaansmedium-skole omdat dit die Afrikanergevoel versterk, sal die Engelsgesinde party hom beywer om daardie skole af te skaf, **want al wat partyregerings doen, is om die werk van hul teenparty ongedaan te maak omdat hulle weet dat**

(Vervolg op voet van volgende kol.)

(Vervolg van vorige kolom.)

**alles wat daardie party gedoen of gelaat het, bedoel was om sy eie belange te sterk ten koste van die ander party.**

Hoewel ons dus vandag die aanval op die Afrikaanse skole met besorgdheid gadeslaan, **besef ons dat die oorsaak van die moeilikheid gesoek moet word by die STELSEL waardeur daar steeds net 'n DEEL-regering aan bewind is wat die belange behartig van net 'n deel van die volk, en verder net 'n DEELTYDSE regering is wat elke vyf of tien jaar plek maak vir sy teenstander.**

Duursaamheid sal slegs verkry word in 'n partylose staat waar die regering uit die volk en vir die volk is, en Afrikaanse instellings sal slegs dan beveilig wees wanneer daardie regering 'n **volksregering** is wat as roeping het die behartiging van die Afrikanerdom se belange ongeag die wins of verlies van stemme.

# Verkiesingsaanbod aan die Politieke Leiers

(Vervolg van bls. 1)

tye van volksgevaar nie deug nie dan is dit in ander tye ook nie nodig nie. **Dan bly die stryd van die republikeinse Afrikanerdom 'n buiteparlementêre stryd teen dwang en Noodregulasies en kommunisme. Dan verlê ons volk die swaartepunt van sy stryd van die groenkussings in Kaapstad na die houtbank in Koffiefontein, of na die sementvloere van Pretoria Sentraal.**

Dan bly die besieling nie in die begrotingstoespraak van 'n Minister of Opposisielid nie dog in die woorde van 'n jong moeder in Pretoria wat, toe hulle haar man in hegtenis neem, gesê het: „Goddank, dit is hoogverraad en nie laagverraad wat Chris gepleeg het nie".

Daar klop die hart van die Afrikanervrou met dieselfde moed en dieselfde beslistheid as honderd jaar gelede toe hulle gesê het: „Liewer kaalvoet oor die Drakensberge, maar ons soek vryheid!"

**In daardie gees sê die Ossewabrandwag dat hy bereid is om die Afrikanerdom te dien binnekant die tronk of buitekant die tronk, met sy goed en met sy bloed, by die stembus of elders. Maar dan wil hy weet dat dit sy volk is wat hy dien en nie net een of ander partypolitieke groep wat die partygenoot hoër stel as die volksgenoot nie.**

**Ons het voor die Almagtige God 'n eed teenoor ons volk gesweer. Daardie eed wil ons hou — teenoor die hele volk en nie net in een groep teen die ander groepe nie.**

Dr. Van Rensburg het ten slotte 'n beroep veral op die jeug gedoen om die heldhaftige in ons volk te waardeer en hulde te bring aan jong Afrikaners wat nie terugdeins om in die aangesig van groot gevare hul offers te bring nie.

Dieselfde dinge wat honderd jaar gelede gebeur het en in die geskiedenis aangeskryf staan as heldedade, vind vandag onder ons oë plaas, maar in plaas van hulle te eer, word sulke helde uitgemaak vir rampokkers.

Daar word gewoonlik gesê die tyd is ryp vir dit of dat, maar die vraag wat vanaand gestel kan word, is: Is die Afrikanerdom ryp vir die tyd?

Die groot stadsaal was gepak met ruim 2,000 mense, en was pragtig versier met vlae en vaandels wat deur studente-wagte al langs die mure omhooggehou is, weens 'n verbod van die stadsraad teen die aanbring van vaandels aan die mure. 'n Indrukwekkende vlaghysing deur 'n studente-afdeling het verder tot die luister bygedra, terwyl die O.B.-blaasorkes onder leiding van veldt. S. J. Swanepoel pragtige musiek gelewer en met die sang voorgegaan het.

Hoofkomdt. James Yeates het opgetree as voorsitter, terwyl die vergadering geopen is met gebed deur prof. dr. E. E. van Rooyen. Genl. dr. S. J. Pretorius het 'n welkomswoord gespreek, waarna hoofgenl. dr. F. D. du Toit van Zyl 'n toespraak gehou het waarin hy veral die betekenis van die Ossewabrandwag as volkswapen verduidelik het. Hy het die sterk teenstelling aangetoon tussen 'n politieke party met sy veranderlike en kompromitteerbare program van beginsels en die onveranderlike grondslag van die Ossewabrandwag as volksbeweging. Laasgenoemde is gebonde aan die onveranderlike volksbloed, volksbodem en volkstoekoms. Vir hom is dit te doen om die hele volk, en daarom kan hy nooit ingeskakel word by een enkele party om teen ander volksgenote te veg nie.

# Teruggekeerde Soldaat Sal Saam Met O.B. Gesagstaat Bring

**„As die Nasionale Gesagstaat kom, sal hy op twee bene staan; die een is die Ossewabrandwag en die ander die teruggekeerde soldaat," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verlede Vrydagaand onder dawerende toejuiging in Kaapstad verklaar voor 'n gehoor wat veels te groot was vir die Hofmeyrsaal waarin die vergadering gehou is. Talle mense het buite op die trappe moes staan en sommiges was verplig om om te draai.**

**Dr. Van Rensburg het die kommunistiese gevaar behandel en sy aanbod aan die politieke leiers tot die skepping van 'n gemeenskaplike front teen die Empire en die kommunisme herhaal. Indien hierdie front getorpedeer word deur die weiering van een leier, en indien die verkiesing geen resultaat kan bring nie, sal die swaartepunt van ons vryheidstryd na buite die parlement verskuif word, en uit die chaos wat daarna gaan volg, sal die Nasionale Gesagstaat te voorskyn kom met behulp van die Ossewabrandwag en die teruggekeerde soldaat. Die Ossewabrandwagleiding het nog nooit iets teen die soldate gedoen of gesê nie. In teendeel het spr. sedert sy eerste begin beklemtoon dat elke Afrikanersoldaat te goed is om vir die Empire te sneuwel. Hy het herhaaldelik daarop gewys dat die Ossewabrandwag nie na die rooi lus op die skouers kyk nie, maar na die bloed in die are. Wanneer die demokrasie dan toon dat hy nie in staat is om ons volk te red nie, sal dit die Ossewabrandwag en die soldaat wees wat albei dissipline ken en albei geleer het om vir 'n saak te veg, wat skouer aan skouer die Nasionale Gesagstaat tot stand sal bring. „En as hierdie twee kragte saamstaan, kry ek die demokrasie jammer," het die Generaal bygevoeg.**

**„Van O.B.-kant sal geen klip in die gesig van die militêr gegooi word nie, soos trouens ook nog nie gebeur het nie, en geen brug sal verbrand word nie," het hy onder groot byvalsbetuiging beklemtoon.**

(Verdere besonderhede omtrent die vergadering verskyn in ons volgende uitgawe.)

116 Takke 44,000 Lede

AVBOB

Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

VOLKSKAS

GEE: 4% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.
3½% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.
3% Rente op Beleggingssertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.
2% Rente op Spaarrekeninge.

Volkskas (Koöp.) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA.

Die Volk se Bank.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

Gebruik

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP — DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

'n LEVER Produk

*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

Damesuitrusting

by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die volgende in:

Gratis sleepdiens. Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies. V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag. Snelle afleweringsdiens. Padverslae, Pad- en roetekaarte. 'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKSBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

**MEER AS 200 KURSUSSE**

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ..............................

Naam..............................

Adres..............................

(O.B. 24 Maart 1943)..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512

*Maak Kennis met die*

**Nuwe Volkspele**

**Opgestel deur Hester Morrison**
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur
**M. L. de Villiers**
Komponis van
„Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

**Prys 4/3 posvry**

**Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.**

# Geen Party kon ooit Eenheid Bring

## Prof. Du Plessis Oor Ons Vryheidstryd

**In 'n toespraak voor 'n skare van meer as 2,000 by geleentheid van die Amajoebafees te Pietersburg, het prof. L. J. du Plessis, leier van die O.B.-studielaers, ingegaan op die vryheidsverwagting van ons volk en ook die rol van die kerk, volk, gesin en arbeid in hierdie vryheidstryd uiteengesit.**

„Die gedagte dat ons ons vryheidstoekoms sal verkry deur slim planne kan ons maar laat vaar," het hy gesê en beklemtoon dat die eerste vereiste vir die verwesenliking van ons vryheidsverwagtings is, dat ons weer moet leer om ons knie te buig voor die God van alle nasies wat oor die lotgevalle van volkere beskik, want sonder Hom is ons oorwinbaar.

Die tweede vereiste is dat die band met die Empire verbreek moet word omdat dit ons verneder en versleg. By Amajoeba het die Boere die mag van die Empire gebreek omdat hulle op die vaste rotsbodem van geloof gestaan het.

„Ons alleen het nie die mag om die Empire-band te verbreek nie; ons moet van buite gehelp word om dit geknip te kry. Totnogtoe het alle Afrikaners verwag dat die nasionaal-sosialistiese Duitsland dit vir ons sal doen: Dr. Van Rensburg het dit verwag, en ook dr. Malan; mnr. Pirow sowel as wyle genl. Hertzog. Waar dit op hierdie tydstip nie meer so seker lyk nie, hoef ons egter nie moedeloos te wees nie. Wat ook al gebeur, daar sal 'n sosialistiese rewolusie oor die wêreld kom wat die Empireband sal verbreek, die bande van alle kapitalistiese imperialisme. Wat die karakter van hierdie sosialistiese rewolusie sal wees, of dit nasionaal-sosialisties of anders sal wees, weet ons nie — mag God gee dat dit nie kommunisties sal wees nie — maar kom sal dit seker sowel oor Europa as oor Engeland en Amerika — en oor Suid-Afrika.

Met verwysing na eenheid het spr. gesê ons moet as één magtige stroom bymekaar kom en hierdie eenheid tot 'n sigbare organisasie vorm. 'n Afrikaner is iemand wat met liggaam en siel met die Afrikanerdom saamgaan sonder dat hy dit kan help. As ons sterk wil wees moet ons al hierdie broers en susters verwelkom. Die wat gedwaal het kan weer terug kom as hulle moeg word vir die varkkos en dit uitspoeg!

„Ons partyvriende wil ook eenheid hê, en ons glo dit ook. Hulle is ook ons eie mense en goeie Afrikaners, **maar, as ons ons eenheid wil verwesenlik, is dit volstrek onmoontlik om dit in 'n politieke party te doen. Die party begin met 'n program. As jy aansluit word nie gevra of jy 'n goeie Afrikaner is nie maar wel of jy die program onderskryf.** Baie goeie Afrikaners kan nie aansluit nie omdat hulle die program nie goedkeur nie met die gevolg dat die uitlander wat wel die program onderskryf lid word van die party. **Veertig jaar lank is alle soorte partye getoets maar geen eenheid kon verkry word nie. „Eenheid kan alleen verkry word deur 'n volksbeweging wat alleen vra: Het jy daardie bloed van die Afrikaner in jou?"**

Ons het nou die Afrikanerdom bymekaar — eers 'n Gideonsbende en dan die menigte, maar ons is nog nie klaar nie. Vir ons is die volk 'n lewende eenheid — soos die liggaam van die mens waar elk sy deel doen.

### DIE KERK

Prof. Du Plessis het voorts gewys op die rol van die kerk in die vryheidstryd. Die kerk moet geregtigheid ook op aarde bevorder in die volkslewe. Die volk het sy kerk nodig, ook vir sy nasionale worsteling op aarde. Die kerk moet leiding gee en sy stem laat hoor, ook in volksake. Maar dan moet ons die kerk 'n bietjie hervorm. Die kerk moet 'n voorbeeld stel van geloofseenheid en ook van volkseenheid. Die kerk kan dan baie nouer saamwerk omdat daar net één geloof en één doel is. Die kerk moet by die volksbeweging aanskakel en dit bystaan met raad en daad. Ons vryheidstoekoms kan ons nie ingaan sonder noue samewerking met die kerk nie.

Verder moet die belangrikheid van die huisgesin beklemtoon word. Volkseenheid kan nie groei en ontwikkel as ons nie die huisgesin gesond hou en bevorder nie. God het genoeg ruimte en leefstof vir elke lid van die gesin gegee — ons moet dit net terug kry van die klompie uitsuiers. Vir elke gesin moet 'n behoorlike bestaan verseker wees.

Ook die arbeid en die arbeider moet erken en waardeer word. God het aan elkeen sy taak gegee en ons is almal arbeiders. Die werkgewer en werknemer is albei arbeiders — elkeen op sy eie plek.

„Die volk wat so saamgeskakel en georganiseer is moet nou nie 'n koninkryk wees wat teen homself verdeel is nie, maar moet saamgebind word deur dissipline. Die volk moet tot 'n eenheid gebind word deur 'n gesag van bo. Die volk is nie 'n massa nie maar 'n saamgegroeide liggaam wat uit baie onderdele bestaan. **Die leiers van die volk word nie daargestel deur stemming nie maar kom vanself bo deur verdienstelikheid, elkeen uit sy eie arbeidsveld. Die leiers van die boere moet 'n boer wees, van die handelaars 'n handelaar, ens.**

**Voortgaande het prof. Du Plessis gesê dat dr. Hans van Rensburg gedoen het wat geen leier behalwe Paul Kruger gedoen het nie — hy het hom ingegooi in die volk se lotsbestemming en sal gaan net waar God lei in die volk se bestemming. Dr. Van Rensburg het reeds loon ontvang vir sy absolute oorgawe aan die volksbestemming. Hy word naamlik opgeneem in die stroom van die volkslewe. Hy is die beliggaming van die volk se wese. Hy sal ons lei op die pad van vryheid na ons eindbestemming al moet hy ook daardeur verteer word, het prof. Du Plessis besluit.—(Tvlse Korr.)**

## DIE BURGER WEIER OM VERSLAG TE PLAAS

**Op die vergadering te Stellenbosch waar die Kommandant-generaal sy belangrike aanbod tot samewerking gedoen het, het Die Burger ook 'n verslaggewer gehad. In volle besef van die erns van die verklaring het hierdie verteenwoordiger aansoek gedoen om 'n manuskrip van die toespraak wat hom toegestaan is. Daar het egter nie 'n woord van sy verslag in Die Burger verskyn nie. Blykbaar was hy gestuur met die doel om gif te suig, maar toe daar in plaas van gif net 'n uitnodiging tot eenheid kom, was sy werk oorbodig!**

**Lesers van die blad mag nie te wete kom dat daar 'n voorstel tot eenheid van die kant van die Ossewabrandwag gekom het nie.**

## PATRONE UIT SLAG VAN AMAJOEBA

Twee Martini-Henry patrone, wat nog nie afgevuur is nie en na die slag van Amajoeba op die slagveld opgetel is, is Vrydagaand 5 Maart aan die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, oorhandig by geleentheid van 'n groot en geesdriftige openlugvergadering wat hy te Crosby, Johannesburg toegespreek het. Die Kommandant-generaal is versoek om hierdie patrone vir die volk in bewaring te neem.

Met die oorhandiging van die patrone het genl. G. Puren gesê dat die feit dat hulle nie eers afgevuur is nie maar al te duidelik verraai deur wie hulle op die slagveld agtergelaat is.—(Tvlse Korr.)

## GEESDRIFTIGE ONTVANGS VIR K.G. OP HEIDELBERG

Die Kommandant-generaal het Saterdagmiddag, 6 Maart, weereens 'n luisterryke en geesdriftige ontvangs te beurt geval toe hy sy tweede vergadering in Transvaal toegespreek het na die uitgebreide reis wat hy so pas deur Betsjoeanaland, Vrystaat en Kaapland voltooi het.

In die pragtige natuurskone Heidelberg-kloof is hy deur 'n skare van minstens 800 ingewag. Aan geesdrif het dit nie ontbreek nie. Dit het veral 'n diepe indruk op die aanwesiges gemaak toe 'n puik afdeling van die Jeugfront van Oos-Rand in volmaakte ritme by dr. Van Rensburg verby marsjeer en die saluut geneem het — in elke opsig 'n uitdrukking van die nuwe gees wat die O.B. besiel.

Aan die spontane reaksie van die gehoor kon gemerk word dat elke woordjie van die K.G. diep ingesak het. Dawerend was die instemming van die gehoor toe hy die kommuniste, wat soos hulle self sê, staat maak op die Rooi Leër en die miljoene swartes in hierdie land, in baie duidelike taal laat verstaan het dat die Duitse weermag tussen hulle en die Rooi Leër staan en, wat Suid-Afrika betref, staan die O.B. tussen hulle en die verwesenliking van hul doelstelling.—(Tvlse Korr.)

## O.B. Voog van hul Kindjie

Met sy onlangse besoek aan Grootdrink, een van die nedersettings aan die Oranjerivier, het 'n man en sy vrou met hul klein babetjie op die arm, na dr. Van Rensburg gekom om aan hom te sê dat hulle die Ossewabrandwag die voog oor hul kindjie gemaak het.

Hierdie egpaar het dus soveel vertroue in die Ossewabrandwag dat hulle die toekoms van hul kindjie met 'n geruste hart aan sy sorg toevertrou.—(Tvlse Korr.)

Voeg
DIE DAAD
by
DIE WOORD
Rook
**Patriot**

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

**RAADPLEEG SASBANK**

**PAARL:— Posbus 266.**
**WORCESTER:— Posbus 57.**
**KAAPSTAD:— Posbus 2387.**

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

**KAAPSTAD**

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

***MINNAAR & VAN SCHOOR***

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-9212.

